# Die Olyftak



*Gewilde nuusberigte op ons eie tuisgrond*

Olive Crescent Aftree-Oord, h/v Leanderweg & Olivelaan, Olympus, Pretoria, 0081 Tel: (012) 809 2377 | Cell: 083 381 3475

**VOLUME 13** **FEBRUARIE / MAART 2024**

**Van die Redaksiespan**: In hierdie "maand van liefde" word ons geliefde Oord 14 jaar oud. 'n Paar fotos skets kortliks hoe Olive Crescent van planne en bouwerk tot 'n tuiste vir ons almal gegroei het. Wil iemand dalk inisiatief neem om 'n foto-argief van die Oord se geskiedenis saam te stel …?






**Voorsittersbrief**: Ek kom agter daar is nuwe lewe en energie onder ons inwoners; dis 'n nuwe jaar, met nuwe voornemens en nuwe vooruitsigte. Baie van ons het bietjie vakansie gehou; ander het sommer net by geliefdes gaan 'afsaal'. Dankie aan Jan en Helene – saam met verskeie helpers – vir die gesellige oujaar-kuier op 31 Desember. Januarie en Februarie is normaalweg ons warmste maande; ook die tyd van kwaai donderstorms en reënbuie (soos Saterdag 13 Januarie se 55mm in 55 minute). Dan, ná die lang someraande wat ons in Februarie geniet, is die dag en die nag op 22 Maart (die herfs-nagewening) weer ewe lank.

*The budget meeting for the 2024/'25 financial year is scheduled to take place at 14:30 on Thursday, March 28. This is probably the most important of all general meetings in the year. Trustees are already involved in budget preparations. Provisions are made for residents' needs with regard to the services centre (catering & care services), environmental matters (refuse removal & gardens), security (access control, reaction support, and perimeter fencing) and technical services (maintenance, renovation of capital assets, and water and electrical infrastructure).*

'n Olyftakkie gaan hiermee aan ons inwoners wat vrywillig en met toewyding omsien na die instandhouding en netheid van ons gemeenskaplike tuine – Isabel, Kobie, Helene, Lorraine, Ted, Morag, Joyce en Johanna. Dankie ook aan Elly wat ons oord-aankondigings aktief doen, selfs terwyl sy in die Kaap vakansie hou.

Ons kry voortdurend gunstige terugvoer oor die oop, rustige en vriendelike uniekheid van Olive Crescent, ons kleurvolle tuine en die aantreklike voorkoms van ons geboue.
Sosiale aktiwiteite is egter ook 'n belangrike komponent van die unieke aard van ons Oord – 'n aspek waaraan ons in die toekoms selfs nog meer aandag kan gee.

Arie Korf – 082 450 6959

**NB: Gedurende Maart sal Anton Joubert as voorsitter van die RvT waarneem.**

**Finansies**: As gevolg van strukturele veranderings aan die rekenkundige stelsel het MidCity eers teen einde Desember daarin geslaag om redelik betroubare bestuurstate te lewer. Die verslag in terme van lede-aanwysing, vir die 8 maande tot Desember 2023, verskyn elders hierin.

**Gedragsreëls (ter inligting)**: *3.2.3 Silence should be maintained daily between 13h00 and 14h00, and between 21h00 and 07h00. [This includes the use of noisy domestic appliances e.g. vacuum cleaners]*

*3.2.4 The volume of music or electronic instruments, partying and domestic activities should be kept at a level that does not create a nuisance to neighbours and other residents.*

*3.2.5 The mechanical maintenance and use of power tools, lawnmowers (electric lawnmowers are preferred), electrical drills etc. should only be undertaken between 08h00 and 16h00 from Mondays to Fridays and 08h00 and 13h00 on Saturdays. Silence must be maintained between 13h00 and 14h00.*

*3.4.2 A person who damages or dirties the common property will be held responsible for its replacement, cleaning, or repair thereof.*

**Kontantlenings**: Inwoners word gewaarsku om nie geld aan werkers te leen nie. Hoewel lenings nie verbied kan word nie, is daar al dure lesse geleer, soos dat, as dit eers begin, hou dit aan. Van ons inwoners het verskeie kere al geld op hierdie manier verloor.

## OORDSTATISTIEK VILLAGE STATISTICS

Eenhede te koop: 4 (#42, #53, #80, #81) Eenhede verkoop: 2 (#2, #34)

Eenhede te huur / verhuur: 0 Etes voorsien: Nov. – 1297, Des. – 1210

Bedokkupasie – R@H: Oktober – 9 pasiënte, November – 9

**Financial Results – Year to date Dec ’23**

| | Actual | Variance | Budget |
|---|---|---|---|
| Admin Fund | 1 583 342 | 6 842 | 1 590 183 |
| Contribution | 105 800 | 0 | 105 800 |
| Tax | 3 062 | 7 738 | 10 800 |
| Reserve Fund | (73 802) | 116 122 | 42 320 |
| Levy | (1 699 967) | 20 237 | (1 679 730) |
| Year to date | **(81 565)** | **150 938** | **69 373** |

The net result is R 150 938 better than budget. Main contributory causes: (i) reduced water consumption, and (ii) capital projects still to be completed.

Consolidated cash equivalents R 97 747 better than closing balance year-end April ’23.

## TEGNIES – SKT

Die SKT het onlangs ’n opname gemaak van al die verfwerk wat vir die volgende finansiële jaar voorsien word. Dit is opvallend dat die geheelindruk van ons oord baie goed is en bydra tot die bemarkbaarheid van Olive Crescent. Ons kan ook meld dat die vervanging van die elektriese heining afgehandel is.

Daar bly egter altyd baie take wat aandag verg; dus word deurlopend beplanning gedoen om so veel as moontlik met die beskikbare fondse en mannekrag te skeduleer. Soos in die vorige *Olyftak* genoem, word tans gefokus op die waterdigting van betonblaaie en daknokke; ons voorsien dat hierdie taak in die volgende begrotingsjaar afgehandel sal word.

Daar kom in die nuwe finansiële jaar ook ’n tweetal projekte om struktuurdefekte aan te spreek wat gelukkig nie groot in omvang is of risiko inhou nie, maar tog gedoen moet word vir langtermyn gemoedsrus.

Tydens die begrotingsvergadering (SAV) in Maart sal meer besonderhede oor die werkinhoud van die tienjaar-onderhoudsplan deurgegee word.

**Anton Joubert**

## OMGEWINGSAKE – SKO

Na aanleiding van versoeke van verskeie inwoners het die Raad van Trustees voorgestel dat die Staande Komitee: Omgewingsake ’n veranderde prosedure vir tuindienste in die oord uitwerk. Hierdie veranderinge behels kortliks die volgende: eerstens, dat alle tuine in die oord (individuele eenhede se tuine asook gemeenskaplike tuine) geklassifiseer word volgens grootte (groot, medium of klein); tweedens, dat die beskikbare tyd van die tuinwerkers toegedeel word volgens die grootte van elke betrokke tuin; en derdens, dat slegs een tuinwerker per tydgleuf per tuin aangewend word.

Hierdie veranderde skedule tree in Februarie in werking.

’n Volledige rooster sal op die kennisgewingbord in die eetkamer ter insae wees; dit sal ook per e-pos uitgestuur word. Opsommenderwys –

Op **Maandae** tussen 08:00 en 12:00 word eenhede 1, 3, 5, 6 en 7, asook eenhede 12, 14, 15, 17 en 20 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 14:40 is dit eenhede 8, 10 en 13, asook eenhede 19 en 21 se beurt.

Op **Dinsdae** tussen 08:00 en 11:00 word eenhede 2, 4, 9, 11, 16 en 18, asook 24, 25, 26, 27, 28, 22, 23, 29 en 30 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 13:40 is dit eenhede 70, 71, 72 en 73 se beurt.

Op **Woensdae** tussen 08:00 en 12:00 word eenhede 61, 68, 67, 65, 64, 66 en 69, asook eenhede 52, 51, 63, 62, 60, 58, 57 en 59 se tuine versorg.

Op **Donderdae** tussen 08:00 en 12:00 word eenhede 41, 42, 43, 44, 45 en 46, asook eenhede 47, 48, 49, 50, 53, 54, 56 en 55 se tuine versorg.

**Vrydae** word oopgehou vir spesiale algemene take en spesiale versoeke van inwoners.

Inwoners in woonstelle op die boonste vlakke van blokke A en B (d w s eenhede 31 tot 40 en 74 tot 83) kan met die Trustee: Omgewingsake reël indien hulle ’n tuinwerker se diens benodig.

**Roelf van Tonder**

## INWONERSAKE – SKI

Met hierdie uitgawe wil ons graag spog met Olive Crescent se oudste inwoners.

Willie Lombard word 93 in Junie. Johnny van der Merwe het in Desember 92 geword. Yolandi van der Walt was 92 aan die begin van Januarie en Lettie Berthold 90 einde Januarie.

Dit laat my dink aan 'n gedig van Albert Kloppers getiteld *Alleen*: "Laatmiddag sak die son op my balkon en kom verlange soos verwaaide windswaels geruisloos tuis …"

Die Psalmdigter sê: "Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd."

Dankie vir jul menswees en die voorbeeld wat julle vir almal van ons is. Mag julle nog lank by ons wees!

Inwonergroete **Gezina Lombard**

Lede van die redaksiespan het met hierdie inwoners gaan gesels om eerstehands bietjie meer oor hulle uit te vind; ons bedank ook Marie Kruger en Kitty Scholtz vir hul hulp in dié verband.

Al vier hierdie 90-plussers is oortuigde Christene wat hul getuienis deur woord en daad in die wêreld uitdra. Elkeen van hulle kan ook met dankbaarheid getuig van hartseer en swaar tye waartydens hulle besondere genade ontvang het.



### Willie Lombard

Ons oudste inwoner is ook die jongste – van die vier 90-plussers is hy die mees onlangse intrekker in ons oord. Voorheen het hy en sy eggenote in 'n aftree-oord in Oslo Beach gewoon, daarna ongeveer 'n jaar in Stilfontein, tot hulle hier in Olive Crescent 'n tuiste gevind het waar hulle geborge voel – sosiaal en ook geestelik. Hulle is al 66 jaar getroud, en het nege kleinkinders en drie agterkleinkinders. Willie is as een van ses seuns in die Vryburg-distrik gebore en het aan HTS Potchefstroom matrikuleer met skrynwerk as hoofvak. Hy het hom as bou-inspekteur en waardeerder bekwaam, eers vir United en later vir Saambou gewerk, maar ook self huise gebou, bewoon en verkoop. Hy lees graag – boeke sowel as tydskrifte – en gesels ook graag.

### Johnny van der Merwe

Hierdie Karooseun is op Philipstown gebore en kon heel moontlik 'n boer of onderwyser word, maar het 'n loopbaan van 41 jaar as staatsamptenaar begin toe hy op 4 Desember 1948 in die Ou Raadsaal op Kerkplein begin werk het. By sy aftrede in 1991 was hy adjunk-direkteur-generaal (bestuursdienste) in die destydse departement Bantoesake en Ontwikkeling. Sy eggenote, Rachel, was voor haar oorlye in September 2021 die eerste inwoner van die sorgsentrum onder bestuur van Retire at Home. Onder sy bure en ander inwoners is hy bekend vir sy opregte vriendelikheid, vrygewigheid, lewendige belangstelling in sportgebeure en, les bes, sy vermoë om liplek-lekker afval te kook.





### Yolandi van der Walt

Yolandi is ’n sterk, nederige, diepsinnige vrou. Sy is in Port Elizabeth gebore, het later na Johannesburg verhuis en uiteindelik in Pretoria kom woon. Herinneringe van haar vol lewe wissel van hardloop na skuilings tydens die tweede wêreldoorlog tot sing in kore saam met Mimi Coertze. Sy is ’n oud-onderwyseres en het ook onder oud-minister Pik Botha in Buitelandse Sake gewerk. Op 92 is hierdie formidabele vrou vol lewensvreugde, met baie tyd vir haar medemens en nog altyd tyd vir ’n grappie of twee.

### Lettie Berthold

Sy was ’n nooi Kruger, ’n boorling van die bosveld (distrik Thabazimbi). As die jongste van 15 kinders het sy en haar sibbe op hul plaas Harlem Oost, langs die Matlabasrivier, soms net baber uit die rivier gehad om te eet. Sy het in Nylstroom verpleegkunde studeer en was haar lewe lank ’n passievolle verpleegsuster. Sy was 30 jaar met Richard Peter Berthold getroud toe hy oorlede is. Hulle het twee seuns, Peter en Kevin, vier kleinkinders en twee agterkleinkinders wat in die VSA woon. Die inperkings weens CoViD-19 het haar vir byna ’n jaar in die VSA gevange gehou nadat sy soontoe is om die aankoms van ’n agterkleinkind saam met die jong ouers te vier. Sy is steeds intens betrokke in haar gemeente, met barmhartigheidswerk en siekesorg – toegewyd soos ’n regte Moeder Teresa haar lewe lank. Op 90 staan haar hande steeds vir niks verkeerd nie. Sy hekel, skilder, bak heerlike beskuit – sit nooit stil nie, maar is altyd besig om liefde uit te deel.



## DIENSTESENTRUM – SKD

Ons spyseniers, Reef Caterers, het aangedui hulle wil graag in hierdie verjaardagmaand van ons Oord iets spesiaals vir die inwoners voorberei. Teken dus hierdie datum aan: Woensdag 14 Februarie.

*Julia, a well-known face behind the serving centre in our dining room, is leaving us to take up a new appointment. We wish her the best for the future.*

**Elly van Zyl**

## SEKURITEIT – SKS

Die vervanging van die elektriese heining is afgehandel. Hartlike dank aan Anton en die SKT, asook aan Corrie en Caiphus, vir beplanning, reëlings en hulp met hierdie belangrike taak. Die lewensverwagting van die nuwe heining is aansienlik langer as dié van die vorige een, omdat aluminium-draad gebruik is. Tesame met die sonkragstelsel vir die waghuis is ons dus veilig selfs al sou ons dalk vorentoe aan beurtkrag blootgestel word.

**Piet van Deventer**

**Ons verwelkom die nuwe intrekkers –**

Joey Scholtz (#2), Benita Hughes (#5), Rink en Sannet van Kleef (#43).

Ons vertrou julle sal lank en gelukkig hier in Olive Crescent woon.

**Hartlike gelukwense aan inwoners wat in Februarie en Maart verjaar –**

Marie van Dyk – # 14 (05/02)
Irene Botha – # 51 (06/02)
Rina Smith – # 10 (08/02)
Johanna Venter – # 36 (10/02)
Jenny Bell – # 63 (14/02)
Henning Pieterse – # 14 (21/02)
Sannet van Kleef – # 43 (23/02)
Hannelie Gerber – # 47 (24/02)
Anthony Bell – # 63 (27/02)
Helene Schuurman – # 20 (10/03)
Ronnie Stanton – # 1 (18/03)
Calipie Calitz – # 74 (21/03)
Aggie Calitz-Jordaan – # 67 (24/03)




## UIT DIE UIL SE HOEK — *FROM THE OWL'S CORNER*



**Tel jou seëninge, sê Koos Kombuis** [uit *By*, *Beeld*, 30 Desember 2023]

Nuwejaarsvoorneme: Ek gaan elke dag 'n dankie-sê-gebedjie opstuur vir minstens een ding. Doen dit saam met my, asseblief! Solank jy net iets raaksien in jou lewe wat jou bly maak, iets waardeer wat die lewe aan jou geskenk het.
Hoekom word ons altyd so maklik terneergedruk? Omdat ons vergeet om ons seëninge te tel. Omdat ons goeie goed net sommer aanvaar asof dit ons toekom. As 'n mens eers daaroor dink, is daar eintlik so baie dinge om oor dankbaar te voel, al gaan dit met jou hóé sleg.

## LESERSBYDRAES — *READERS' CONTRIBUTIONS*

Ná my man oorlede is, het ek begin bid om Pretoria toe te kan verhuis om naby my kinders te wees. Ek het gevoel soos Noag wat die eerste duif losgelaat het om 'n holte vir sy voet te vind, maar die duif het teruggekom want daar was geen bome nie, net water; maar ek het by Noag geleer dat God sal voorsien, die storm sal bedaar – en ek het aangehou bid. Ná sewe dae het Noag weer 'n duif uitgestuur en die duif het teruggekom met 'n olyfblaar in sy bek.
Soos u weet het die getal sewe 'n besonderse betekenis vir God, 'n volmaakte getal, en God se tyd is ook nie ons tyd nie. Sewe dae kan ook sewe jaar beteken, soos in my geval. Die dag toe ek sewe jaar in die aftree-oord in Drieriviere was het 'n koper my huis gekoop – en ja, u het seker al reg geraai, my duif het ook teruggekom met 'n olyfblaar in sy bek. My kinders het laat weet ek moet kom kyk; hier is 'n woonstelletjie te koop by Olive Crescent, slegs 2 km van hulle huis af. Ek was stom toe ek die naam hoor want ek het dadelik God se aanbod herken. Ek het 'n holte vir my voet gevind! Ons Bybelstudie-groep by Drieriviere het saam met my God gedank vir Sy getrouheid. Natuurlik het ek met dank my blyplekkie gekoop en bly ek met vreugde in my hart hier in Olive Crescent.

Trienie van der Merwe

'n Vrou se selfwaarde is soos glas. As dit sou val, is dit byna onmoontlik om die stukke weer bymekaar te kry.

Spreuke vra dat ons vir die vrou moet gee wat haar toekom vir alles wat sy doen.

Met bogenoemde in gedagte het die komitee 'n jaarprogram met 'n groot verskil saamgestel.

Elke vrou in OC moet hierdie bus bestyg, want dit gaan 'n goeie reis wees!!

Damesklubgroete **Gezina Lombard**

## DAGBOEK & SAMESYN *DIARY & SOCIAL EVENTS*

Naas die gewone *week- en maandprogram sien ons uit na* ***drie spesiale geleenthede*** *hierdie* maand:

**Woensdag** die **14**de is Valentynsdag – en almal word genooi om **middagete** saam te kom geniet. Daar sal nagereg ook wees – al is dit nie gewoonlik Woensdae op die spyskaart nie – sonder ekstra koste.

Op **Woensdag** die **28**ste om **14:30** beplan ons 'n oop **gesprek oor ons toekomsverwagting** ten opsigte van Olive Crescent. Teken asseblief dié datum aan; meer besonderhede volg later.

**Donderdag** die **29**ste is **skrikkeldag** – ja, ons kry in 2024 'n ekstra dag as geskenk – maar ook die amptelike **verjaardag** van **Olive Crescent**.




| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:00 en VRYDAE 09:00 |
| SAAM TEEDRINK | WEEKLIKS DINSDAE 15:00 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00<br>In die SITKAMER van die OORD<br>Onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |

# Packaged **Care**

Designed to create stability in long term care. These monthly packages are payable in advance and do not require a deposit.

**Features**

- Every day, Monday to Sunday
- Choose between three options
- Pay the same amount each month
- Includes monthly Doctor visit

| | |
|---|---|
| **4 hours per day** monthly | **R 6 700** |
| **6 hours per day** monthly | **R 9 800** |
| **Full time** monthly | **R19 800** |

Package is valid for an entire month and cannot be done Pro-rata. If less than an entire month is used due to death or hospitalisation the per hour formula for service used will be applied. Payable in advance, no deposit required. Monthly Doctor visit has to be arranged by client and cannot be accumulated or refunded if unused. Doctor visit dependent on availability.


# **Care** as needed

An assessment and quotation is required before service can start.

- No bundled products, just care as needed
- No minimum days per week
- Minimum hours (location determined)
- Flexible contract term

| | |
|---|---|
| **Monday to Saturday** | **R54/hour** |
| **Sunday Time** | **R81/hour** |
| **Public Holiday** | **R108/hour** |

50% deposit payable before service can start. This deposit will be retained and applied to final invoice. Services used will be invoiced and is due at the end of the month. Minimum hours will be discussed during the assessment.



## Bath/Shower Blocks

*Shower, dressing making bed*
*Mondays to Sundays*

08:00 | 08:30 | 09:00 | 09:30 | 10:00 | 10:30

Services includes

**R495** per month

## Midday Blocks

*Mondays to Sundays*

13:00 – 14:00 | 15:00 – 16:00

**R1490** per month

Services includes

Retire at Home
Professional homebased care and training

**0860 766 949**

**www.retireathome.co.za | info@retireathome.co.za**